

18 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 32:48-34:12

Fokusgedeelte: Deut 34:5

Moses voor en in sy dood

Moses se dood bly altyd vir die mense aangrypend, want hy het iewers eensaam gesterwe. Ons sien hom, honderd en twintig jaar oud, maar deur die krag van God klim hy die steiltes van Nebo uit. Hy kon met sy “waaroms” geloop en tob het: Ek het U gedien, Here, waarom dan so...? Hoekom stuur God nie maar net een saam met hom nie, byvoorbeeld Josua? Dan sou dit nie so alleen wees nie. Nee, luister! Die Here het hom die hele land gewys. Soos hy daar stap, is dit hy en die Here. Hy is met God op pad na die sterfplek, net soos Dawid in Psalm 23.

Baie mense sê: As ek met my dood net nie alleen is nie. Maar soos Moses sal ek ook ervaar dat God by my is (Ps 7:6 berym). Verder het die Here hom die hele land gewys. Was dit moontlik omdat dit ‘n helder sonskyndag was? Hy sien die hele land (34:1-3). Só ‘n uitsig kon hy van geen bergtop af gekry het nie. Elke hoek en kant van die heilige land was sigbaar. Was dit ‘n gesig of ‘n visioen? Nee, die Here het sy oë verlig en alles aan hom gewys.

So word God se belofte waar: Jy sal die land sien (34:4). En so hou God sy woord gestand. Ook as jou dag kom, sal Hy daar wees en jy sal altyd by die Here wees – soos Moses voor en in sy dood.

Sing: Skrifberyming 35:1-3

Ds LD Aucamp (Cullinan)